

16 Januarie - ARK

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:7 (NAV)

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:7

Noag ontvang opdrag van God om die ark te bou. Watter geweldige opdrag! Maar hy doen dit omdat hy geglo het (vs 7). Die krag van sy geloof kom nog sterker na vore as ons dink in watter tydsomstandighede hy die ark gebou het. Toe hy begin bou het, was daar nog geen teken van 'n sondvloed nie! Wat meer is: dit was 'n tyd toe Kaïn se nageslag 'n geweldige hoogtepunt bereik het. Ons kan onself voorstel hoe die mense vir Noag oor die bou van die ark gespot het. Maar Noag het in die geloof volhard om te bou en te preek: Bekeer julle!

Soos Noag deur God se genade 'n ark moes bou tot redding vir hom en sy gesin, so moet ons deur die geloof ons lewensark bou. Ons moet bou deur ons kinders op te voed in die vrese van die Here. Ons moet bou aan die ark van skool, universiteit en politieke staatsbestel. Veral in hierdie goddelose tyd waarin ons die vuurvlamme van die oordeelsdag hoor knetter, moet ons mense waarsku vir hulle verderf.

Veral moet ons egter daarop let *hoe* om te bou. Noag het van die Here 'n noukeurige beskrywing ontvang. Dit was nodig, want een verkeerde bouwerk kon die hele skip laat sink het.

So is dit vandag ook nog. Alleenlik as ons as Christene, deur die krag van die Heilige Gees, volgens die Woord van God bou. Alleenlik as die lyne van die kruis, waaraan ons Here Jesus vir ons sondes gesterf het, en die lyne van die oop graf, waaruit ons Here Jesus opgestaan het, in ons bouwerk gesien kan word, is redding moontlik!

Laat die wêreld maar spot oor ons bouwerk. Straks as die oordeel van God kom, sal ons bouwerk bly voortbestaan, soos Noag se ark!

Sing: Psalm 127:1 (2001)

Dr CJ Malan (Emeritus)